



Finansies Beleid: Heruitreiking van tjeks wat gestop is

Tipe dokument:	Beleid
Doel van die beleid:	Die beleid bevat die US se reëls ten opsigte van heruitreiking van tjeks wat gestop is.
Goedgekeur deur:	US Raad
Goedkeuringsdatum:	5/4/2009
Implementeringsdatum:	2009
Datum van volgende Hersiening:	Soos nodig
Datum(s) van vorige Hersienings:	Geen
Beleideienaar¹:	Uitvoerende Bedryfshoof
Beleidkurator²:	Hoofdirekteur: Finansies
Sleutelwoorde:	Tjeks, Heruitreiking,
Geldende Weergawe:	Ingeval van geskille ten opsigte van interpretasie, word die Engelse weergawe van hierdie beleid as die geldende weergawe aanvaar.

US Beleide is beskikbaar by www.sun.ac.za/policies

¹ Beleideienaar: Hoof(de) van Verantwoordelikhedsentrum waarbinne die beleid funksioneer.

² Beleidkurator: Administratiewe hoof van die afdeling verantwoordelik vir die implementering en instandhouding van die beleid.

2.15

HERUITREIKING VAN TJEKS WAT GESTOP IS

Bestek: Die beleid bevat die US se reëls ten opsigte van die heruitreiking van tjeks wat gestop is.

Beleid:

'n Tjek mag nie binne 7 dae, nadat dit by die bank gestop is, heruitgereik word nie. Voordat 'n tjek na die verloop van die 7 dae heruitgereik mag word, moet gekontroleer word dat die tjek nie intussen reeds gewissel is nie.

'n Vorm vir die stop van 'n tjek is by die Finansies Afdeling: Fondse en Batebestuur beskikbaar en moet deur die betrokke beampte by die Finansies Afdeling: Fondse en Batebestuur geteken word. Voordat die tjek heruitgereik word moet beamptes weer met die betrokke beampte by die Finansies Afdeling: Fondse en Batebestuur kontroleer dat die tjek nie intussen gewissel is nie en moet hul ter bevestiging teken.

Verdere besonderhede kan by die Finansies Afdeling: Fondse en Batebestuur verkry word by sunbank@sun.ac.za.

Kontak afdeling:

Finansies Afdeling: Fondse en Batebestuur